

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Augustus 2022 Uitgawe 1

Bemagtig vroue deur landbou

Owen Mgadi

Dr Ethel Zulu is 'n merkwaardige kleinboer wie se ster al blinker skyn. Sy gebruik haar diepgaande begrip van voeding en jare se ervaring om organiese hoenders te teël en organiese groente te kweek op haar plaas, met die doel om ander vroue te bemagtig om kommersiële boere te word.

Dr. Zulu (48), wat 'n doktorsgraad in voeding het, besit 'n 23-hektaarplaas in Cullinan buite Pretoria, waar sy organiese groente kweek en hoenders teël en dan agro-verwerk om aan verskeie supermarkte te verskaf.

Haar plaas is ook opleidingsgasheer vir 20 studente wat landboustudies nastreef. Dr. Zulu het uit



■ Dr Ethel Zulu lei van voor op haar plaas, waar sy organiese groente kweek en met vrylopende hoenders teël wat sy aan gevestigde supermarkte verskaf.

Foto verskaf deur Dr. Zulu.

haar pos by die Noordwes-provinsie se departement van landbou bedank om haar opleidingsagentskap, Hope Nutrition Business

Consultants, te stig.

Dit nadat sy na Gauteng verhuis het maar nie werk as 'n voedingkundige kon kry nie.

Sy is geesdriftig oor landbou en haar droom is om soveel moontlik vrouens by boerdery te betrek, 'n sektor wat volgens haar die poten-

siaal het om te bemagtig en werk te skep.

"Ek het vir acht jaar gedien, saam met landbou-uitbreidingsbeamtes gewerk en ons het baie boere met voedselsekerheid, higiëne en voeding gehelp. Landbou is my passie vandat ek jong is en ek het nooit gedink dat ek iets anders sou doen nie."

Dr. Zulu verduidelik dat sy deur haar opleidingsagentskap al regoor ses provinsies bedrywig is en vrouens en jongmense help om hul boerderywerksaamhede te bestuur.

Kommersiële pluimveeboerdery

Dr. Zulu het in 2017 besef dat haar opleiding nutteloos is sonder resultate, en koop toe 'n plaas om haar kennis te neem van woord tot daad.

Sy is vandag 'n kommer-siële pluimveeboer met meer as 7 500 braaihoenders. Haar aanvanklike plan was om slegs organiese groente te kweek.

"Ek het hoenders vir bemesting benodig. Ek het na mense se huise toe gegaan om dit te gaan haal om my groente organies te hou. Dit is hoe die idee van

Vervolg op bl 2



Suid-Afrika se eerste vroulike valskeirmsoldaat

Bladsy 10



Lesedi Ledwaba neem konstruksie tot nuwe hoogtes

Bladsy 11



Om *Vuk'uzenzele* te lees, laai die GOVAPP af by:



Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Webwerfs: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0103

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

GRATIS NIE TE KOOP NIE

Vervolg van bl 1

braaihoenders ontstaan het. Ons het binne twee jaar 5 000 braaihoenders geteël en aan plaaslike supermarkte begin verskaf."

Sy voeg by dat haar hoenders organiese plaashoenders is, met geen hormoon toevoegings nie. Sy gebruik hoendermis om groente soos spinasie, broccoli, kool en rissies te kweek.

Dr. Zulu verskaf ook haar vars produkte aan straatverkopers, bykomend tot supermarkte. Haar werkzaamhede is so suksesvol

dat sy tans 12 vrouens permanent in diens neem.

Pluimvee is, volgens dr. Zulu, die belangrikste sektor in die land, aangesien die meeste gesinne meer hoender as enige ander soort vleis eet.

Dr. Zulu hoop om elke jaar meer as 1 000 vrouens regoor die land in boerdery op te lei. Sy wil ook een van Suid-Afrika se staatmakerprodusente van plaashoenders en organiese groente wees.

Sy raai vroulike aspirantboere aan om klein te begin en om nie vir regeringsteun te wag nie.

"Regeringsondersteu-



ning sal 'n hupstoot wees wanneer jy dit bekom. Niks keer jou om met 20 braaihoenders te begin as jy 3 000 wil teel nie. Nader plaaslike supermarkte om inligting oor die gehalte wat hulle wil hê, te kry, en werk in groepe sodat jy aan hul vereistes van gehalte en hoeveelheid-aanvraag kan voldoen," voeg sy by.

Bemagtig vroue deur landbou

Dr. Zulu glo dat landbou 'n rol kan speel in die ekonomiese bemagtiging van vroue en om meer werke vir vroue te skep.

"As jy 'n vrou bemagtig, bemagtig jy die nasie. Ons kan ons kennis deel en meer mense betrek."

Sy voeg by dat vroue nie hulself hoeft te beperk tot primêre landbou nie, maar dat hulle ook ander aspekte van die bedryf soos agro-verwerking, verpakking en herverkoop moet verken.

"Finansiële onafhanklikheid is die enigste ding wat ons kan help om die plaag van geslagsgebaseerde geweld stop te sit en dit kan bereik word deur onder meer boerdery," sê dr. Zulu.

Kleinsake versoek om aansoek te doen om steun

Nosihe Shelembe

Die minister van kleinsake-ontwikkeling, Stella Ndabeni-Abrahams, het kleinsake-ondernehemings in townships en landelike gebiede aangemoedig om deur die township- en landelike entrepreneur-skapprogram (oftewel TREP) aansoek te doen om steun.

"Ons spreek werkloosheid en armoede doelgerig aan, maar ons het ook 'n verantwoordelikheid om die ekonomie te ontwikkel," sê minister Ndabeni-Abrahams.

Die minister het tydens die onlangse SheTradesZa-jeugseminaar in Pretoria gesê dat die maksimum-waarde van TREP R1 miljoen beloop, met 'n toelaag as een komponent en 'n lening as die ander komponent.

Entrepreneurs in townships of landelike gebiede



kan om steun aansoek doen, insluitend befondsing, deur middel van die algemene aansoekvorm beskikbaar vanaf die kleinsakeontwikkelingsagentskap (SEDA), die kleinsakefinansieringsagentskap (SEFA), die nasionale bemagtigingsfonds (NEF) en die nasionale jeugontwikkelingsagentskap.

Sake-eienaars moet Suid-Afrikaanse burgers wees om te kwalifiseer.

Die volgende skemas is beskikbaar vir kwalifiseerde entrepreneurs:

- Ondersteuningsprogram vir kleinskaalse bakkerye en lekkergoedmakers
- Ondersteuningsprogram vir motorvoertuigher-

stelwerk en werktuigkundiges (asook klein en onafhanklike motorvoertuigonderdeelwinkels en informele motorvoertuigentrepreneurs)

- Slaghuisondersteuningsprogram
- Ondersteuningsprogram vir klere, leer en tekstiel
- Ondersteuningsprogram vir persoonlike sorg
- Ondersteuningsprogram vir spaza-winkels
- Ondersteuningsprogram vir tshisanyama en gekookte kos

Om te registreer, besoek smeda.gov.za en vul die nodige inligting in.

Die regering werk daar-aan om die entiteite vir kleinsake saam te smelt na

een agentskap en sodoende die befondingsprosesse vir kleinsake-ondernehemings seepglad en gebruikersvriendelik te maak.

"Ons is tans besig om SEFA, SEDA en die koöperatiewe bankontwikkelingsagentskap saam te smelt."

SheTrades programme

Ndabeni-Abrahams sê dat die regering deur verskeie inisiatiewe die kleinsake-sektor gehelp het om te groei en broodnodige indiensname te skep.

"Die departement van kleinsakeontwikkeling en SEDA het 'n vennootskap met die internasionale handelsentrum gesmee om die SheTrades-program na Suid-Afrika te bring en 'n SheTradesZA-spilpunt te skep.

"Die program poog om ondernemings wat deur vroue besit word, te bemagtig om plaaslik, op streeksvlak en internasi-

onaal handel te dryf. Die spilpunt steun die groei van besigheidsvaardighede en mededingendheid van minstens 10 000 Suid-Afrikaanse vroulike entrepreneurs oor 'n tydperk van vier jaar," sê die minister.

Nagenoeg 3 000 Suid-Afrikaanse vroulike entrepreneurs het reeds op die SheTradesZA-spilpunt geregistreer en ontvang gratis e-leer en kapasiteitsbou.

Die SheTradesZA-spilpunt sal ook toegang tot belegging vir ondernemings wat deur vroue besit word, verbeter en besigheidsgeleenthede bevorder.

"Die departement en SEDA se betrokkenheid by die SheTradesZA-spilpunt demonstreer ons toewyding aan ontwikkeling en versekering van ekonomiese bemagtiging van vroue in Suid-Afrika," sê minister Ndabeni-Abrahams.

- SAnews.gov.za

Skakel 0860 663 7867,
e-pos www.seda.org.za of besoek www.seda.org.za vir meer inligting oor SEDA.



**government
communications**

Department:
Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production

Regomoditswe Mavimbela
Regomoditswe@gcis.gov.za

Acting Editor-in-Chief

Zanele Mgndi | Zanelemgndi@gcis.gov.za

Acting Managing Editor

Tendai Gonese | tendai@gcis.gov.za

News Editor

Noluthando Motswai
Writers: More Matshediso Ursula Graaff

Graphic Designers

Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants

Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse
Thandolunye Khulu | Mahanye Ramapala

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Vuk'uzenzele

is published by Government Communications (GCIS)

abc

Printed by:



RISING SUN PRINTERS
for Government Business

Distributed by:





Ons kán en sál meer doen om beurtkrag stop te sit



Erge beurtkrag het oor die afgelopen paar weke ons ekonomie ontwrig en uitermatige swaarkry vir alle Suid-Afrikaners veroorsaak.

Vlak 6-beurtkrag is veroorsaak deur die verlies van meer as 18 000 megawatt (MW) se opwekkingskapasiteit as gevolg van onklaarheid van eenhede en 'n onbeskermde staking deur Eskomwerkers.

Na meer as 'n dekade van elektrisiteitstekorte voel Suid-Afrikaners na regte gefrustreerd en kwaad. Dit kan soms voel asof daar geen einde in sig is nie.

Die werklikheid is egter

dat, alhoewel beurtkrag blyk erger te word, ons reeds verskeie belangrike stappe geneem het om die tekort aan elektrisiteitstoever aan te spreek.

Ons onmiddellike prioriteit is om die elektrisiteitstelsel te stabiliseer. Eskom sal in staat wees om beurtkrag te verminder na laer vlakke namate die elektrisiteitstelsel en opwekkingskapasiteit herstel word.

Die ooreenkoms wat tussen Eskom en vakbondse bereik is, sal belangrike herstelwerk moontlik maak en bykomende eenhede weer laat werk. Die transmissielyn van Cahora Bassa in

Mosambiek is herstel en voeg 600MW by tot die netwerk; en Medupi se eenheid 6 het in Julie weer begin werk, wat 'n bykomende 720MW toevoeg.

Daar word verwag dat bykomende eenhede terug aanlyn sal kom, wat verder die huidige tekort sal verlig.

Wetstoepassingsagentskappe werk terselfdertyd hard om sabotasie, diefstal en bedrog by Eskom te takel om die gevaar wat dié kriminele optrede vir die elektrisiteitstelsel inhoud, aan te spreek.

Die kern van die saak, op die ou einde, is dat ons meer kapasiteit tot die netwerk moet byvoeg. Dit

sal ruimte skep vir Eskom om belangrike instandhouding te onderneem en die betrouwbaarheid van sy vloot te verhoog. Dit sal ook 'n buffer skep sodat ander bronne gebruik kan word as verskeie eenhede op een slag breek.

Een van die eerste stappe wat ek in 2018 geneem het, was om die verkrygingsprogram vir hernubare energie weer op die been te bring. Die verhoging van die lisensiedrumpel vir nuwe opwekkingsprojekte tot 100MW, bykomend tot die verkryging van nuwe opwekkingskapasiteit deur dié program, beteken dat privaatbeleggers nie 'n lisensie benodig om opwekkingsfasiliteite tot dié betrokke grootte te bou nie. Dié eenvoudige hervorming het 'n reuse potensiale beleggingspyplyn tot stand gebring.

Eskom het grond langs bestaande kragstasies vir privaatbelegging in hernubare energieprojekte beskikbaar gestel. Ontwerpveranderings is voltooi om die werksverrigting van Medupi-eenhed 1, 2 en 3 te verbeter en word in eenheid 5 en 6 onderneem.

Dié stappe, alhoewel dit beduidend is en oor die komende maande vrugte sal afwerp, is beslis nie genoeg om die krisis wat ons in die gesig staar, aan te spreek nie.

Die afgelope paar weke het dit duidelik gemaak

dat ons dringend meer moet doen.

Daar is geen rede vir 'n land soos ons s'n – met die vaardighede, vermoëns en hulpbronne wat ons tot ons beskikking het – om 'n tekort aan elektrisiteit te verduur nie.

Ons het oor die afgelope paar weke saam met die betrokke ministers en senior beampies aan 'n reeks bykomende maatreëls gewerk om alle pogings om ons elektrisiteitstoever te verhoog, te versnel. Die boodskap is duidelik: dit is nie nou die tyd vir "sake soos gewoonlik" nie. Ons moet sterk optree om beurtkrag iets van die verlede te maak.

Alhoewel die maatreëls wat ons reeds getref het die tovoer van betroubare en bekostigbare elektrisiteit in die toekoms sal verseker, kyk ons na watter bykomende maatreëls ons nou kan tref om dié doelwit nader te bring.

Ons sal binnekort die gedetailleerde werk en beraadslaging wat benodig word om dié verdere maatreëls te finaliseer, voltooi. Ons sal dan binnekort in staat kan wees om 'n omvattende stel stappe om baie vinniger vordering in die vasvat van beurtkrag aan te kondig.

Daar is geen maklike oplossings vir ons elektrisiteitskrisis nie. Ons is egter vasberade en daartoe verbind om elke manier te ondersoek en elke geleentheid aan te gryp, om te verseker dat ons genoeg elektrisiteit opwek om aan die land se behoeftes te voldoen. 